higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T80**(A)**(A6)T

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

**6 April 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Tekeninstrumente mag gebruik word**.

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Struktuurmure sal die gewig van ’n dak of ekstra verdieping kan dra sonder om ineen te stort.

1.2 ’n Voglaag is ’n versperring in ’n muur wat voorkom dat vog deur die gebou na bo styg.

1.3 ’n Spoumuur is ’n enkellaagmuur.

1.4 Syfergate is klein openinge wat in die buitekant van die muur gelos word om vog van binne die gebou weg te dreineer.

1.5 Lateie word in ’n muur ingebou om die fondament te ondersteun.

1.6 Dakbinte word in binnemure ingebou om die dak te ondersteun.

1.7 Steenkrag ('Brick force)' is ’n staalversterking wat soos ’n lang leer lyk.

1.8 Die doel van ’n rookgang in ’n kaggel is om gas en rook te onttrek.

1.9 Strekverband word ook soms kwartverband genoem.

1.10 ’n Binnewelwing (soffiet) is die onderkant van ’n struktuurkomponent soos ’n boog, blad of balk.

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 2

2.1 Wat is die doel van doppe ('caps') op 'n pyler ('pier')? (1)

2.2 Noem VIER soorte deklae ('coping') wat bo-op mure gebruik word. (4)

2.3 Teken, op ’n benaderde skaal van 1 : 10, die wisselplanlaag van ’n hoek in ’n 270 mm spoumuurinkrimping in strekverband. (9 × 2) (18)

**[23]**

## VRAAG 3

3.1 Beskryf die prosedure om ’n vloer te teël wat vooraf met afstrykvlak voorberei is . (12)

3.2 Wat is die behoorlike prosedure om ’n trapleer op te stel? (4)

3.3 Noem DRIE tipes bouborde wat algemeen in die boubedryf gebruik word. (3)

3.4 Verduidelik elk van die volgende kaggelterme:

3.4.1 Versameleenheid

3.4.2 Beraping ('rendering')

3.4.3 Skoorsteenafskuinsing ('flaunching')

(3 × 2) (6)
**[25]**

**VRAAG 4**

Teken die wisselplanlaag van ’n tweebaksteenkruising in Engelse verband, op ’n benaderde skaal van 1 : 10. **[20]**

**VRAAG 5**

5.1 Wat is die doel van syfergate in ’n spoumuur? (1)

5.2 Waarom is dit nodig om ’n voegryhout ('ruled joint') in ’n muur aan te bring? (2)

5.3 Noem SES instrumente wat ’n teëlaar sal gebruik wanneer hy of sy ’n vloer of muur teël. (6)

5.4 Omskryf die term *bok ('trestle')*. (1)
**[10]**

**VRAAG 6**

6.1 Waarom is dit ontoelaatbaar om ekstra water by te voeg wanneer ’n oppervlak afgestryk en met ’n troffel bewerk word? (2)

6.2 Maak vryhandsketse van elk van die volgende tipes kaggels:

6.2.1 Dubbelopening-kaggel

6.2.2 Enkelopening-kaggel

(2 × 3) (6)

6.3 Noem VIER van Graaf Rumford se sleutelpunte vir ’n kaggelontwerp. (4)
**[12]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

ES